PROF. DR. H. G. STOKER, *Beginsels en Metodes in die Wetenskap, Pro* Rege-Pers, Potchefstroom, 1961. 304 bladsye, uitgegee in stewige band, baie goed gedruk op glanspapier.

Dit is vir my 'n genoeë om hierdie werk aan die lesers van ons blad bekend te stel. Die verskyning van hierdie boek is in meer as een opsig 'n belangrike gebeurtenis: Dit is in die ganse literatuur van die Calvinistiese Wysbegeerte een van die aller belangrikste werke; dit is een van die omvangrykste en grondigste werke wat nog in Afrikaans op die gebied van die Wysbegeerte verskyn het; in hierdie werk is een van die belangrikste filosowe in ons land aan die woord — 'n man wat 'n kenner van sy vak is.

Weens die omvang en geladenheid van die werk wil ek nie die inhoud in besonderhede bespreek nie; daarmee moet elke leser homself maar op hoogte bring. My doel is om 'n waardering van die boek te gee.

Die boek val uiteen in vier dele: I. Beginsels en Metodes; II. Lewens- en Wêreldbeskouing en Wetenskap; III. Die Wetenskap en die Kenbare; IV. Die Wetenskap en die Kenner. Hierbenewens is daar 'n Inleiding waar Prof. Stoker die krisis van die hedendaagse universiteit behandel: Hierdie krisis bestaan in die onsekerheid aangaande die grondbeginsels waarop die wetenskap — en daarmee saam die universiteit — gebou is. Omrede hierdie onsekerheid en rigtingverskeidenheid bestaan, beskou die skrywer so 'n kursus soos wat hy in sy werk aanbied, as van lewensbelang vir die universiteit.

In sy geheel geneem, dek die werk die belangrikste deel van wat ons die kennisleer noem. 'n Baie belangrike deel van die skrywer se aandag

word bestee aan definisies en omskrywings, wat uiters belangrik is en baie nodig is, omdat daar soveel verwarring op hierdie terrein bestaan. Verder is dit belangrik dat die skrywer ons opsommenderwys 'n uitsig gee oor die massa moontlikhede en rigtinge wat daar bestaan op haas elke punt wat hy behandel. Die belangrikstes word dan in groter besonderhede behandel.

Een van die allerbelangrikste aspekte van die boek is dat dit ons plaas voor 'n aantal van die belangrikste probleme in die kennis- en wetenskapsleer. Die belangrikste van hierdie probleme is die kwessie van die verhouding van die wetenskaplike tot die wetenskap, anders uitgedruk: die probleem van die subjektiewe faktore in die wetenskap. Prof. Stoker het baie besliste oortuigings op hierdie punte en bied dit met groot bekwaamheid aan. Dat 'n mens met hom moet saamstem, is nie noodwendig nie; maar die een wat van hom verskil, sal vir homself baie deeglik rekenskap van sy eie standpunt moet gee.

Dit bring my by die kritiese opmerkings wat ek wil maak:

1. Juis die wye omvang van die boek is in 'n bepaalde opsig ook 'n nadeel: Omdat die skrywer nie alles kan behandel nie, noem hy soms net lyste van dinge (bv. metodes) op. Vir iemand wat die gebied min of meer ken, is dit goed omdat hy daarmee in kort bestek 'n oorsig oor die veld gegee word. Vir 'n student wat die terrein nog moet leer ken, het dit nie veel waarde wanneer die dinge net genoem word nie.
2. Omdat die skrywer kompakt wil skrywe, oordrywe hy dit soms. Weer: Vir die kenner is dit uitstekend, maar ek het gevind dat studente vir wie ek die boek voorgeskrywe het, die boek moeilik gevind het, wat ek toeskrywe aan die enorme geladenheid van die werk.
3. Hierdie eerste twee punte van kritiek is egter van minder belang. Die belangrikste punt is dat hierdie werk geskrywe is vanuit 'n baie bepaalde hoek en honderd persent die stempel van hierdie hoek dra, nl. die Calvinistiese Wysbegeerte. Die hele boek, van die eerste tot die laaste bladsy, spreek hiervan. Om hierop krities in te gaan sal 'n boekdeel opsigself vereis. Dit het egter al dikwels op Filosofiese Kongresse te berde gekom en daarom stel ek hier net 'n paar van die hoofpunte:
   (i) Die Calvinistiese Wysbegeerte is nie 'n Christelike Wysbegeerte nie en ook nie 'n Calvinistiese Wysbegeerte nie, maar 'n Gereformeerde Wysbegeerte. Daarmee bedoel ek dat nie die Bybel en ook nie Calvyn die grondslag van hierdie Wysbegeerte vorm nie, maar 'n heel besondere rigting van Teologie binne 'n heel besondere Kerk, nl. die Teologie van Abraham Kuyper c.s. binne die Gereformeerde Kerk.

(ii) Die Wysbegeerte is gebou op die beginsels wat uit hierdie Teologie geneem is. Ten spyte van al die beklemtonings van die gedagte van die soewereiniteit in eie kring, maak dit die Wysbegeerte afhanklik van en diensbaar aan hierdie Teologie.

(iii) Daarmee hang die hele probleem van die kommunikasie saam: Wysgerig het ons in werklikheid niks vir mekaar te sê nie; alles wat hier gesê word, is 'n skyngeveg, 'n verwisseling van woorde wat eintlik niks beteken nie. Die terrein waar ons werklik die saak moet uitspook, is die terrein van die Teologie. Kan ons mekaar hier nie vind nie, het ons wysgerig niks vir mekaar te sê nie; kan ons teologies saamstem, kan ons mekaar wysgerig sit en aai. — Ek stel die saak miskien ekstremisties, maar ek doen dit opsetlik omdat ek die probleem baie skerp wil stel.

(iv) Die probleem wat ek onder (iii) genoem het, is in 'n ander opsig akuut: Alle wysgere verskil van mekaar in mindere of meerdere mate. Wanneer die verskille radikaal is, is daar net een wyse waarop 'n mens te werk kan gaan: jy moet die grondslae waarop die betrokke wysgeer bou, aanval en kritiseer; jy kan nie met hom meewerk in die sin dat jy dinge wat hy volgens jou insig nie goed gedoen het nie, verbeter, of wat hy weggelaat het, aanvul nie. Want jy kan nie torring aan een woord wat hy stel sonder om die hele struktuur in beweging te bring nie. In die geval van die Calvinistiese Wysbegeerte is dit soveel jammerder: Die beoefenaars van hierdie Wysbegeerte in ons land — en selfs in 'n groot mate in die buiteland — is mense met grootliks dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as ons, met grootliks dieselfde godsdienstige oortuigings, met grootliks dieselfde politieke en kulturele doeleindes as ons. Die Calvinistiese Wysbegeerte is egter in so 'n eng keurslyf van 'n bepaalde Teologie gedruk dat jy altyd die gevoel het dat jy met 'n swart-wit denke te doen het wat heeltemaal *ad hominem* gerig is: óf jy staan heeltemaal daarbinne, óf jy staan heeltemaal daarbuite; beperk jy jou tot 'n punt in die sisteem, het jy die gevoel dat jy tog nie met die werklike saak te doen het nie.

Ten spyte van hierdie kritiese opmerkings wil ek weereens beklemtoon: Die boek van Prof. Stoker is 'n magtige stuk werk en alle wysgere in Suid-Afrika behoort hom dankbaar daarvoor te wees. Elke Wysbegeerte-student op 'n bietjie hoër vlak behoort van die boek kennis te

neem. Prof. Stoker het 'n bydrae gelewer tot die Wysbegeerte in Suid-Afrika wat ons werk op 'n beslis hoër peil as voorheen plaas.

P. S. Dreyer.

1945–19–0. Wêreld en Kerk, Boekencentrum N.V., 's-Gravenhage, 1960.

Hierdie sagteband boekie van 80 bladsye is uitgegee met die geleentheid van die vyftienjarige bestaan van die bekende tydskrif „Kerk en Wêreld", wat by ons lesers geen bekendstelling nodig het nie. Die werkie wat ons hier aankondig bestaan uit 'n sewetal artikels, nl. F. J. Pop, *Op weg naar de wereld van Morgen*; Prof. Dr. A. de Froe, *Moderne wetenschap en geloof*; Prof. Dr. J. Tinbergen, *Onze taak op economisch en sociaal gebied in internationaal verband*; Prof Dr. C. L. Patijn, *De kerk en de internationale politiek*; M. Ruppert, *Arbeid, leiding en kapitaal*; Prof. Dr. A. A. van Ruler, *De kerk in de komende kultuur*; Dr. E. Emmen, *Kerk en Wereld, een nieuwe periode.*

Elk van hierdie artikels kan in die ruimte tot ons beskikking nie bespreek word nie. Ons volstaan deur op te merk dat die meerderheid van hierdie skrywers by ons goed bekend is en ook weer in hierdie artikels hoogs lesenswaardig is. 'n Behoorlike deel van die leesstof — soos 'n mens kan verwag — het te doen met die tydskrif „Kerk en Wereld" of is van belang spesifiek vir Nederland. 'n Behoorlike deel is egter ook vir ons van belang en hier wil ek spesifiek die artikels van De Froe, Patijn en Van Ruler noem. Ek kan dit terdeë aanbeveel.

Die boekie kos ongeveer 60c.

P. S. Dreyer.

Lloyd Frank Merrell, *Flowering Dust*, Philosophical Library, New York, s.j., 61 bladsye. Baie mooi uitgegee in harde band. Prys nie vermeld nie.

Die boek bestaan uit 'n aantal gedigte van die skrywer wat in verskillende tydskrifte in Amerika oor die jare verskyn het.

Ek neem aan dat 'n letterkundige miskien iets goeds in die boek sal kan ontdek, veral in die laaste paar gedigte. Die boek is egter aan my gegee vir resensie en ek is 'n filosoof. In hierdie hoedanigheid wil ek sê:

Die gedigte is evolusionisties-biologisties, met 'n klap van Freud; dit is antigodsdienstig, antinasionalisties, misties, sosialisties; dit is 'n verheerliking van die mens en hoop op 'n komende wereldgemeenskap. Die skrywer is bang vir die moontlik komende atoomoorlog. Vir die grootste gedeelte is die gedagtes holruggeryde, oorbekende, onvolwasse gedagtetjies en clichés.

Opsommend: Dis louter nonsens en dis jammer dat ons ruimte in ons tydskrif moet mors vir soiets.

P. S. Dreyer.